# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (27/14)

*Justin Chadwick (18 Julie 2014)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK** "You know everybody is ignorant, only on different subjects" Will Rogers*

## "PMA FRESH CONNECTIONS"

Ek het die voorreg gehad om op die "PMA Country Council" oor die afgelope paar jaar te dien, die Raad word gelei deur 'n paar huishoudelike name in die varsprodukte bedryf en het geweldige groei getoon en waarde tot die Suid-Afrikaanse varsprodukte bedryf toegevoeg. Sonder twyfel is die hoogtepunt van die PMA se kalender die Fresh Connections konferensie – die 2013 geleentheid was een van die beste konferensies wat ek nog ooit bygewoon het; goeie netwerkgeleenthede en 'n uitstekende program met waardevolle insigte. Teken dus die volgende nou in jou dagboek aan: **PMA Fresh Connections: Southern Africa Conference & Expo 2014**, wat plaasvind vanaf **13-14 Augustus by die WNNR Internasionale Navorsingsentrum in Pretoria**.

Meer as 400 plaaslike en internasionale leiers in die varsprodukte voorsieningsketting vanaf regoor Suid-Afrika en elders word verwag om dit by te woon – insluitend produsente, invoerders, uitvoerders, groot handelaars, klein handelaars en verskaffers.

Die tema van die konferensie 'Taking Fresh to the Next Level', verseker 'n innoverende, opvoedkundige program. Die program sluit in 11 sessies in en meer as 30 sprekers, wat onderwerpe soos die volgende sal dek:

- Die Groeiende Globale Mark
- Informele Handelsnetwerke
- Geleenthede in Afrika
- Ontwrigtende Nuwe Tegnologieë wat die Bedryf sal hervorm
- Handelsrevolusie

Vir meer inligting oor die program, kostes en registrasie, besoek asseblief die konferensie se webtuiste: www.pmafreshconnections.co.za. **Registreer teen 14 Julie en betaal 'n vroeë registrasiefooi.** PMA lede ontvang addisionele afslag! As jy nog nie 'n lid van PMA is nie, kan jy meer inligting omtrent lede se voordele op die webtuiste kry of deur vir Marianne van der Laarse by mvanderlaarse@pma.com te kontak.

## "AFRICAN GROWTH AND OPPORTUNITY ACT" (AGOA)

Op Vrydag 11 Julie het die dti 'n AGOA beraad georganiseer om aktiwiteite omtrent die VSA se hersiening van die AGOA te oorweeg. Vir sitrusuitvoere na die VSA laat AGOA toegang sonder tariewe toe. AGOA kom tot 'n einde in September 2015, en daar is kommer dat dit nie hernu gaan word nie; of dat Suid-Afrika van die voordele uitgesluit kan word. Die beraad is deur amptenare van dti toegespreek – insluitend die Direkteur-generaal (Lionel October), en Ambassadeur Rasool. Alhoewel Suid-Afrika die hoof begunstigde van AGOA was, was dit ook tot voordeel van die sub Sahara Afrika substreek. Baie werk sal gedoen moet word om te verseker dat hierdie voordele sal voortgaan en dat groei deur middel van handel aangemoedig sal word.

Daar is sprake dat Suid-Afrika "gegradueer" het – en so suksesvol was in ontwikkeling dat dit nie langer voorkeur behandeling nodig het nie. Dit is teengestaan met die argument dat 'n land nie vir ontwikkeling gepenaliseer moet word nie; wat anders is die aansporing om te verbeter. Die VSA het vir 'n tyd ontwikkeling deur handel ondersteun eerder as met hulp; die sitrusbedryf se groei in uitvoere na die VSA is 'n goeie voorbeeld van hoe AGOA in sy doel geslaag het.

Die CGA het hulpbronne beskikbaar gestel om voort te gaan om Ambassadeur Rasool en sy Ambassade personeel te ondersteun om die VSA te oortuig dat AGOA sy verlangde doelwitte behaal; en dat voortsetting (met Suid-Afrika ingesluit) goed sin maak vir Suid-Afrikaners en Amerikaners.

Handel met die VSA is in die omgewing van R130 biljoen – met rofweg 50% invoere vanaf die VSA en 50% uitvoere na die VSA.

Tot op datum in 2014 is 1.2 miljoen kartonne van nawels en 0.4 miljoen kartonne van sagte sitrus na die VSA uitgevoer – dit verteenwoordig 8% van nawel uitvoere en 6% van die sagte sitrus uitvoere. Uitvoere is effens minder as 2013 vir die nawels (1.4 m) en meer as 2013 vir die sagte sitrus (0.2 m). Na aanleiding van die nawel fokusgroep, gaan die nawel uitvoere nou begin toeneem soos die sitrus in Kalifornië nou tot 'n einde kom.

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot Week 29<br>**Miljoen 15 Kg Kartonne** | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2012 | 2013 | 2014 | 2013 | 2014 | 2014 | 2014 | 2013 |
| Pomelo's | 11.1 m | 15.4 m | 13.6 m | 14.8 m | 12.6 m | 16.5 m | 14.9 m | 17.9 m |
| Sagte Sitrus | 5.7 m | 5.9 m | 7.2 m | 5.9 m | 6.8 m | 9.2 m | 10.5 m | 8.4 m |
| Suurlemoene | 7.1 m | 8.2 m | 10.4 m | 7.8 m | 9.3 m | 12.1 m | 12.3 m | 10.6 m |
| Nawels | 18.9 m | 18.9 m | 17.6 m | 17.1 m | 14.9 m | 25.8 m | 25.4 m | 25.4 m |
| Valencias | 9.2 m | 8.6 m | 9 m | 5.6 m | 4.8 m | 49.5 m | 49.5 m | 51.4 m |
| Totaal | 52 m | 57 m | 57.8 m | 51.2 m | 48.4 m | 113.1 m | 112.6 m | 113.7 m |

**PRODUSENTE VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE SITRUSBEDRYF IN SUIDER-AFRIKA DEUR DIE CGA GROEP (CRI; CITRUS ACADEMY; CGACC; RB EN XSIT) TE BEFONDS EN LEIDING TE VERSKAF**